

Gedagte vir die dag

Ek plak verlede week die laaste drie maande van my kalender teen my studeerkamer se muur. En skielik besef ek... daar is nie meer veel tyd nie, dan is hierdie jaar ook verby.

Waarheen het 2020 gegaan?

Hoe kon die tyd so vinnig verby gevlieg het?

Gaan tyd gouer om soos wat 'n mens ouer raak? Ons peetkind verjaar 25 November en tel die slabies af na sy verjaarsdag. Die pessimis in my herinner die 10-jarige Matt, dat hy binne een dag 'n hele jaar gaan verouder! Ek dink dis genoeg om hom teneergedruk te maak. Matt dink dit is die beste ding wat ooit met hom kan gebeur! Ek wil tyd terugdraai terwyl hy die tyd wil om wens.

Hoe vreemd is hierdie glibberige meeteenheid nie... tyd...

Tyd is soms soos gravitasiekrag. Jy word op die vreemdste en mees ongeleë "tye" daaraan herinner. Die impak is ook nie altyd dieselfde nie. Wanneer jy met die dood van 'n geliefde of die afskeid neem van vriende dink, laat dit jou verskillend voel en dink oor tyd. Die einde van 'n boek of die begin van 'n nuwe werk maak ander gedagtes in jou los oor die konsep van "tyd".

*Tyd is vlietend **en** tyd is ewig.*

*Tyd word kosbaar **en** tyd word verspeel.*

*Tyd is toekoms **en** tyd is verlede.*

En hoe pas ek en jy hierby in? Waar en hoe pas God se grootheid en teenwoordigheid (nou?) hierby in?

Lees Pasm 31:14-16

*Ek hoor dreigemente van baie; dit dreig van alle kante af. Baie span teen my saam en smee planne om my lewe te neem. Maar ek vertrou op U, Here, ek sê: U is my God. **My tye is in u hand.** Red my uit die hande van my vyande en vervolgers!*

Is dit nie vreemd om in tye van nood oor *tyd* te dink nie?

Dalk nie, want tyd dui die einde én die begin van dinge aan. Ellende het ook 'n begin en 'n einde. Wanneer die laaste boek in die Bybel ons herinner dat die Here die begin én die einde is, ontdek ons dat tyd net vir ons verganklike wesens op hierdie aarde in hierdie era 'n probleem raak. In die nuwe hemel en op die nuwe aarde het tyd 'n nuwe waarde. Dit word dan gemeet in 'n ewigheid saam met God (soos nou reeds), sonder enige hartseer (en die gevolge van sonde).

En tot dan word ons herinner dat tyd 'n geskenk is, soos die lewe ook 'n geskenk is. En hierdie geskenk ontvang ons uit God se hand. Elke dag nuut.

Dalk wil die psalmskrywer my herinner om anders te kyk na die laaste drie bladsye van my kalender. Miskien moet ek ontdek dat elke getal daarop 'n geskenk is, net soos wat elke maand wat ek omgeblaai het 'n gawe was.

Mag jy weer die gawe van tyd begin waardeer.

Mag jy die tyd wat jy ontvang het sinvol benut.

Mag jy die Hande raaksien wat jou tye aan jou skenk.

Om oor na te dink:

- Watter tye en geleentede is/was vir jou kosbaar?
- Neem nou tyd en sê vir die Here dankie vir hierdie geleentede en tye.



Groete,
Dolf